

## Standpunt

# Waarheen met *Die Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Natuurwetenskap en Tegnologie*?

Vir baie natuurwetenskaplikes is dit 'n wesentlike vraag of daar nog plek is vir 'n algemene wetenskaplike tydskrif wat net Afrikaanse artikels publiseer. In die SATNT word publikasies in Nederlands en Duits ook aanvaar, maar nie publikasies in Engels nie. Hoe realisties dit is om manuskripte in Duits te publiseer is 'n ope vraag, omdat daar waarskynlik min lesers is wat Duits verstaan. Vandat Suid-Afrika die internasionale terrein betree het, bestaan daar 'n daadwerklike moontlikheid om Nederlandse manuskripte te werf.

Dit is gepas om 'n analise te maak van die hele situasie met betrekking tot die SATNT sodat die beleid vir die bestuur van die Tydskrif goed uiteengesit kan word.

### GESKIEDKUNDIGE AGTERGROND

- 1922 Die eerste tydskrif wat verskyn is die *Tydskrif vir Wetenskap en Kuns* (uitgegee deur die Vereniging vir Wetenskap en Kuns, onder redaksie van dr. D.F. Malherbe, gedruk deur die Nasionale Pers Bpk).
- 1948 Die Ingenieursafdeling van die Akademie gee 'n tydskrif getiteld *Tydskrif van die Ingenieursafdeling van die S.A. Akademie vir Wetenskap en Kuns* onder redaksie van mnr. S.A. Malan uit.
- 1949 Met die steun van Akademieraad en die samewerking van die Afdelings Skeikunde en Wis- en Natuurkunde en Ingenieurswese word die *Tydskrif van die Ingenieursafdeling van die S.A. Akademie vir Wetenskap en Kuns* vervang met *Tegnikon* onder redaksie van mnr. F.S. Uys.
- 1961 Die *Tydskrif vir Wetenskap en Kuns* verdeel in die *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* (onder redaksie van prof. P.J. Nienaber) en *Tydskrif vir Natuurwetenskappe* (onder redaksie van dr. A. Strasheim). Prof. D.F. Malherbe is steeds voorsitter van die hoofredaksiekomitee.
- 1982 *Tegnikon* en *Tydskrif vir Natuurwetenskappe* smelt saam. Die eerste *S.A. Tydskrif vir Natuurwetenskap en Tegnologie* word gepubliseer onder redaksie van dr. A. Strasheim. Sedert 2000 is prof. J.N. Eloff die Voorsitter van die redaksiekomitee.

### SIRKULASIE VAN DIE SATNT

Akademielede wat die Tydskrif ontvang:	456
Buitelandse intekenare:	23
Binnelandse intekenare:	2
Instansies wat die Tydskrif komplementêr ontvang (binnelands):	18
Instansies wat die Tydskrif komplementêr ontvang (buitelands):	23

Die Tydskrif word deur 23 binnelandse en 15 buitelandse biblioteke in voorraad gehou. Dit word ook na Biosis gestuur wat die Engelse opsommings plaas in *The Biological Abstracts Family of Products, Chemical Abstracts, Energy Research*

*Abstracts, Inspec, Mathematical reviews, Life Sciences Collection* en *Zentralblatt für Mathematik*.

### SLEGTE NUUS

In die eerste plek is dit 'n onbetwisbare feit dat Engels die internasionale natuurwetenskaplike kommunikasietaal geword het. Hoe sterk Afrikaanssprekende natuurwetenskaplikes ook al oor hulle taal voel, lyk dit na 'n al hoe minder aanvaarbare opsie om van die beste werk in Afrikaans te publiseer. Die gehoor wat *Die Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Natuurwetenskap en Tegnologie* lees, is beperk omdat min mense Afrikaans verstaan en ook omdat die Tydskrif nie so wyd versprei word nie.

In die tweede plek is daar al hoe minder aanvraag na algemene wetenskaplike tydskrifte. Aan die ander kant is deskundige publikasies in bv. wiskunde, fisika of chemie onverstaanbaar of oninteressant vir baie lesers van die Tydskrif.

Derdens is dit duur om die Tydskrif te publiseer en versend. Met die moeilike finansiële tye waaruit die Akademie eers onlangs ontsnap het, is begin om bladsyfooie te hef op die artikels waarvoor universiteitspersoneel 'n regeringsubsidie ontvang. Baie vooraanstaande wetenskaplike tydskrifte hef geen bladsyfooie nie. Al hierdie faktore is dus 'n disinsentief om in die SATNT te publiseer.

Laastens is dit onwaarskynlik dat aktiewe navorsers van hulle beste resultate in ons Tydskrif sal publiseer omdat internasionale kollegas dit net eenvoudig nie kan of wil lees nie. Die situasie verskil tussen die twee publikasies van die Akademie. Waar daar 'n sterk aanbod van manuskripte vir die *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* is, is die aanbod van manuskripte vir *Die Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Natuurwetenskap en Tegnologie* aan die krimp.

### GOEIE NUUS

'n Belangrike insentief vir natuurwetenskaplikes verbonde aan universiteite om in geakkrediteerde wetenskaplike tydskrifte te publiseer is dat hulle 'n regeringsubsidie verwerf vir elke navorsingsartikel wat gepubliseer word. Meeste universiteite laat ten minste 'n deel van die subsidie – omtrent R23 000 per publikasie – na die outeurs se navorsingfondse kom. Die Departement van Wetenskap en Tegnologie het 'n ondersoek ingestel om die groot aantal plaaslike tydskrifte wat vir subsidiedoeleindes gekwalifiseer het, te evalueer. 'n Aantal vereistes is aan tydskrifte gestel waaraan voldoen moes word ten einde steeds oorweeg te word vir subsidie bv. dat alle manuskripte deur eksterne keurders geëvalueer word, dat die tydskrif nie net aan een universiteit of navorsingsinstansie verbonde is nie, dat die tydskrif gereeld verskyn, dat die redaksie erkende kundiges is, dat die inhoud in wetenskaplike verwysingsdatabasisse opgeneem word en dat die tydskrif 'n wye verspreiding het.

Alhoewel ons Tydskrif aan al die minimum vereistes voldoen, was daar tog 'n vrees dat vanweë die taal en die gemiddelde

kwaliteit van baie publikasies, dit nie die paal sou haal nie.

Uiteindelik is daar drie lyste opgestel. Op een lys was tydskrifte wat nie meer sal kwalifiseer vir subsidie nie, op die tweede lys die tydskrifte wat voorlopig nog sou kwalifiseer vir subsidie en die derde lys die tydskrifte wat beslis vir subsidie kwalifiseer.

Die goeie nuus is dat *Die Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Natuurwetenskap en Tegnologie* op die lys geplaas is van tydskrifte wat beslis kwalifiseer vir subsidie.

## NUWE VERWIKKELINGE

Die redaksiekomitee en die Fakulteitsraad vir Natuurwetenskap en Tegniek het besluit dat daar wel in Suid-Afrika 'n behoefte is aan 'n interdisiplinêre natuurwetenskaplike tydskrif wat vakwetenskaplike navorsing publiseer. Daar moet egter 'n spesiale poging aangewend word om meer interdisiplinêre, oorsig en algemene manuskripte te publiseer. Slegs navorsingspublikasies kwalifiseer vir subsidie. Artikels wat 'n oorsig gee oor die ontwikkeling in 'n spesifieke navorsingsgebied, leemtes aandui en voorstelle maak oor toekomstige navorsing word as 'n navorsingsartikel beskou.

Outeurs word dus aangemoedig om manuskripte in 'n algemeen verstaanbare trant te skryf. Standpuntartikels en die Baanbrekers-rubriek is juis 'n poging om die Tydskrif vir meer lesers interessant en toeganklik te maak. Algemene artikels kan oor enige interessante aspek handel, maar kwalifiseer nie vir subsidie volgens die riglyne van die Departement van Wetenskap en Tegnologie nie. Lesers is ook welkom om briewe aan die redakteur te rig oor enige saak wat relevant is, veral met

betrekking tot manuskripte wat in die Tydskrif gepubliseer is.

Om outeurs aan te moedig om van hulle beste werk ook in die Tydskrif te publiseer is die Douw Greeffprys vir die beste navorsingspublikasies in verskillende vakgebiede 'n paar jaar gelede ingestel. Onlangs is besluit om vanaf 2003 die prys toe te ken aan die skrywer van die beste publikasie wat die besondere jaar verskyn het ongeag of dit 'n navorsings- of 'n oorsigpublikasie is en ongeag in watter vakgebied die artikel val.

Wêreldwyd is daar 'n sterk neiging om oor te gaan na elektroniese publikasies. Die Fakulteitsraad Natuurwetenskap en Tegniek het besluit dat hierdie moontlikheid ondersoek moet word. Die eerste stap in dié rigting was dat alle administrasie van die Tydskrif elektronies geskied. Die redaksie het onlangs 'n ooreenkoms met Sabinet Online aangegaan met die gevolg dat die Tydskrif nou op die internet beskikbaar is vir intekenaars en vir betalende Akademielede.

Een van die nadele van die Tydskrif is dat dit baie duur is om kleurplate te druk. Die elektroniese publikasie maak dit nou moontlik om kleurplate op die internet te plaas terwyl die gedrukte kopie grysskaalplate bevat. Indien ons in 'n groter mate oorskakel na elektroniese publikasie, kan die wagtyd tussen aanvaarding van die manuskrip en die publikasie dramaties verkort word; die toegang tot die Tydskrif sal baie wyer wees as die huidige toegang en die koste van die tydskrif kan aanmerklik verlaag.

Voornemende outeurs word aangemoedig om oorsigartikels of 'n samevatting van resultate van navorsing wat oor 'n lang tyd gestrek het aan te bied vir publikasie in die SATNT.

**J.N. Eloff (Voorsitter Redaksiekomitee) en A.C. Swanepoel**